

Sing vooraf staande: Skrifberyming 16-1:1, 2 (15:1, 2)

- 1 Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel," sê die HEER.
- 2 Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 111:1, 2 (p. 553)

- 1 'k Sal met my ganse hart die HEER / met die opregtes loof en eer – / die Gode dankb're duisendtalle.
Sy werk is groot die wêreld deur, / dit word deur almal nagespeur / wat daarin soek 'n welgevalle.
- 2 Sy dade^o is enkel majesteit, / aanbiddelike heerlikheid, / en sy geregtigheid onendig.
Sy wonders staan in rots gegrif, / en sy genade^o in eewge skrif / vir al wie arm is en ellendig.

Gebed

Skrifberyming 15-2:1, 2

- 1 Ek wat die sewe sterre dra / wat vonkel in my regterhand;
wat wandel waar die kandelaars, / die sewe goue, om My brand –
Ek ken jou werk, al die geswoeg, / en hoe geduldig dat jy ly,
dat jy die kwaad en leu'n nie duld / en vir my Naam en waarheid stry.
- 2 Helaas, die bruidstyd is verby! / Jou eerste liefde 't jy verlaat.
Gedenk daaraan en soek dit weer, / die liefde met die liefdesdaad.
En as jy tog my Woord verwerp, / dan kom Ek, maar met oordeel, weer:
Ek neem jou kand'laar van sy plek / indien jou hart My nie begeer.

Skriflesing: 1 Korintiërs 1:18-2:5; Heidelbergse Kategismus, Sondag 31:84

Kernvers: 1 Korintiërs 1:23-24

Maar ons verkondig Christus wat gekruisig is. Vir die Jode is dit 'n aanstoot en vir die ander is dit onsin, maar vir dié wat deur God geroep is, Jode sowel as Griekse, is Christus die krag van God en die wysheid van God. (1 Korintiërs 1:23-24 AFR1983)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 84: Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die heilige evangelie oop- en toegesluit?

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem. Daarteenoor word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie (a). Volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel.

(a) Joh 20:21-23; Matt 16:19.

Tema: Die gekruisigde Christus is die krag en wysheid van God

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, preek as 'n vorm van kommunikasie is al bestempel as een van die swakste maniere van kommunikeer. Na bewering kry mense dit vandag nie meer reg om vir

lang tye aaneen met aandag na een spreker se stem te luister nie. Om na 'n preek te luister is vir sommige mense eentonig. Hulle het so gewoon geraak aan die voortdurende flitsende beelde op die televisie, dat hulle beswaarlik nog kan luister as hulle nie ook beelde sien tydens prediking nie, sê hulle. Nou wil ek ook nie daarmee sê dat die gebruik van byvoorbeeld *PowerPoint*-skuifies 'n sonde is wanneer daar gepreek word nie. Ons gebruik dit tydens Bybelstudie ter ondersteuning van ons Bybelstudie en dit werk. Met dit gesê word daar ook nie nou betoog vir 'n skerm in die kerkgebou om skuifies tydens die preek te wys nie.

Die punt wat ek wil maak, is dat die besware nie eintlik gaan oor preek as kommunikasiemiddel nie, dit is maar net 'n manier van mense om die inhoud van die prediking te verander. Van Jesus as die Christus, en Hom as die gekruisigde, dit wil mense van die een en twintigste eeu nie graag meer hoor nie. Daar moet eerder oor samelewingskwessies saam gepraat word. En menseregte het mense so fyngevoelig gemaak dat hulle nie graag van sulke wrede goed soos kruisiging en sonde wil hoor nie. Die inhoud van die prediking moet aanpas by die mode van tyd, word gesê, anders is die kerk se dae getel.

Ongelukkig gebeur dit dat kerke vir hierdie leë dreigemente vanuit alle oorde skrik en dan tog aanpassings maak aan die inhoud van die prediking. Hierdie aanpassings het nare gevolge. Wanneer Christus en Hy as die gekruisigde nie meer gepreek word nie, bly die Bybel as altyd geldende Woord van God ook in die slag. En uiteindelik verdwyn daardie kerke wat hulle aan leë dreigemente gesteur het heeltemal van die aangesig van die aarde af. Hoe hartseer dit ook al is wanneer 'n kerk hieroor verdwyn, dit is maar net 'n bevestiging dat die Woord van die Here waar is. Die Here laat nie met Hom mors nie. Christus het immers ook sy kerk in Efese gewaarsku toe Hy gesê het:

Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie. (Openbaring 2:4, 5 AFR1953)
Daar is vandag nie meer 'n kerk in Efese nie.

Geliefdes, hierdie weerstand teen die verkondiging van Jesus as die Christus, en juis Hom as die gekruisigde, is nie nuut nie. Van die begin van die Nuwe-Testamentiese kerk af was daar teenstand. Ons lees in Handeling 4 hoe die apostels in die tronk gegooi is en verbied is om in die Naam van Jesus te preek. En toe dit nie die gewenste uitwerking gehad het nie, is die gelowiges vervolgd en doodgemaak omdat hulle Jesus Christus as die Verlosser verkondig het.

Paulus het op sy sendingreise telkens met hierdie weerstand te doen gekry. Maar omdat hy deur die Gees van ons almagtige Vader gedring en gedra is, het hy voortgegaan. Die verkondiging van Jesus Christus as ons enigste Verlosser is immers dié sleutel wat die koninkryk van die hemel vir mense oopsluit. Christus het self hierdie sleutel aan die apostels en aan sy kerk gegee. Deur middel van die kerk moet die ganse wêreld hoor dat die koninkryk van die hemel – die deur na God se Vaderhart – oopgesluit word. Oor en oor word daar vir ons in die gelese gedeelte gesê dat die boodskap van die kruis van Christus die krag van God is vir diegene wat gered word.

En is die kruis van Christus nie 'n krag nie?! Met die prediking van die heilige evangelie konfronteer die Heilige Gees die gelowiges. Wanneer die Heilige Gees die mens deur middel van die heilige evangelie met die heilige God van hemel en aarde konfronteer, maak Hy ons oë oop om onself raak te sien soos wat die Here God ons sien. Deur die inwerking van die Heilige Gees begin ons self die skanse wegvat waaronder ons gedink het om ons sondes weg te steek. Gelowiges kom dan agter hoe aaklig hulle lewe werklik is.

In die hulle eie oë was hulle nie so sleg nie. In die oë van mense het hulle heel ordentlik gelyk. Maar wanneer die skille van hulle oë afgehaal word en die skerp lig van die heilige evangelie elke donker

hoek van hulle harte en siele verlig, sien hulle al die afskuwelike sondes in hulle lewe raak.

Die Heilige Gees doen dit egter nie om maar net te sien hoe die mens onder sy almag en voor die alsiende oë van die hemelse Vader vermurwe nie. Wanneer die Heilige Gees die mens se oë oopmaak om te sien hoe verdoemend sondig hy en sy is, is sy bedoeling nie om te verneder en te bespot nie. Hy het slegs een doel voor oë en dit is om die mens by die kruis van Christus uit te bring.

Dit is daar by die kruis van Christus waar die Heilige Gees vir die in sonde verlore mens laat hoor: hierdie bloed wat Christus gestort het aan die kruis is die sleutel wat die koninkryk van God vir jou ook oopsluit. Gelowige broer, suster en kind, wanneer jy jou skuld bely en om vergifnis smeek omdat jy weet en vertrou dat Christus ook jou skuld aan die kruis betaal het, word die koninkryk van God vir jou oopgesluit met die prediking.

Hoe groot is die krag van die kruis van Christus? Dit is so groot dat ons deur middel van die geloof met die kruis van Christus losgemaak word van die suigkrag van ons sondes om vry daarvan in die koninkryk van God in te gaan. En hierdie groot krag van Christus se kruis gooi ons nie op die grond neer en laat die aarde rondom ons skud nie. Stilweg, sonder 'n geraas, breek die Heilige Gees die kettings van sonde van ons los met die bloed van Christus wanneer ons die verkondiging van die heilige evangelie hoor. En wanneer ons met 'n ware geloof hierdie belofte van sondevergifnis aanneem, swaai die deure na God se Vaderhart vir ons oop.

Dag vir dag werk hierdie groot krag van Christus se kruis waar die evangelie aan gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig word. Dag vir dag sluit hierdie sleutel die koninkryk van die hemel vir gelowiges oop met die bloed van Christus. Die mense vir wie die koninkryk so oopgesluit is deur middel van die prediking is geluksalig. Want daar is nie mooier woorde om te hoor nie as om uit die mond van die Here self te hoor dat jou sondes jou ter wille van Christus se verdienste vergewe is.

In Korinte het hierdie krag van Christus se kruis ook 'n uitwerking gehad. Daar was ook gelowiges wat seker kon wees dat hulle geloof op die krag van God gegrond was. Maar daar was ook ander mense – ongelowiges en huigelaars. Vir sommige van hulle was die kruis van Christus aanstootlik en vir andere was die kruis van Christus pure onsin.

Die gekruisigde Christus wat in Korinte verkondig is, het die Jode aanstoot gegee. Vanuit hulle menslike wysheid het die Jode geredeneer die boodskap dat 'n mens deur die gekruisigde Christus alleen verlos word, 'n uiterste skande is. Hulle het immers die Ou Testament goed geken. En hulle het geweet dat elkeen wat aan 'n houtpaal opgehang word deur God vervloek is. En hulle het hulleself afgevra: Hoe kan die alles oorwinnende Messias, wat hulle verwag het, sy dae eindig deur sterwend aan 'n houtkruis te hang? Vir hulle was die dood van Jesus aan die kruis dié bewys dat Hy nie die Messias kon wees nie. Dit is tog 'n aanstootlike boodskap.

Die teken waarna die Jode gevra het, naamlik dat Christus Homself van die kruis moes verlos, het hulle nie gekry nie. Die verlossing wat Christus immers aan die kruis verdien het, was nie vir Homself nie, maar vir die wêreld. En toe die Jode uiteindelik die teken kry wat Christus self vir hulle gegee het, naamlik die teken van Jona, wou hulle dit nie glo nie. Hulle het die dissipels as leuenaars uitgekryt omdat hulle verkondig het dat Christus na drie dae uit die dood uit opgestaan het.

Geliefdes, dit is nie net vir die Jode se wysheid wat die verkondiging van die gekruisigde Christus aanstootlik is nie. Vandag is daar steeds mense wat meen dit is afgrylik. Hulle sê: Hoe kan God sy enigste Seun wat geen sonde het nie so wreed en meedoënloos laat sterf vir mense se sondes. Vir hierdie mense is die verkondiging van Christus se dood aan die kruis te hard en te wreed. Maar as 'n mens 'n bietjie fyner luister, is die rede hoekom hulle nie na die kruisevangelie wil luister nie eerder

hulle onwilligheid om hulle eie sonde vierkantig in die oë te kyk en te erken dat hulle op 'n verkeerde pad is.

Vir die Grieke van destyds was die gekruisigde Christus wat uit die dood uit opgestaan het, 'n dwase verhaaltjie. Volgens die Grieke se wysheid was die liggaam van die mens iets wat jy maar kan opgebruik in hierdie lewe aangesien dit van geen werklike betekenis is nie. Vir hulle was dit net die siel van die mens wat enige betekenis het, want dit is net die siel van die mens wat na die dood nog kan voortbetaan. 'n Mens se liggaam word na sy sterwe begrawe om in die aarde te vergaan en dit is klaar.

Kort voordat Paulus in Korinte die evangelie van Jesus Christus verkondig het, het hy die evangelie aan 'n klomp Griekse wysgere in die Areopagus in Athene verkondig. Alles het nog goed gegaan totdat Paulus verkondig het dat Jesus uit die dood opgestaan het en dat Hy weer sal kom om te oordeel oor die wêreld. Toe daardie wysgere van die opstanding uit die dood hoor, het hulle Paulus uitgelag en weggegaan. Vir hierdie mense was die boodskap van die kruis van Christus onsin. Dit is vir hulle onsin, want hulle is aan die verlore gaan, sê Paulus.

Ons kry deesdae weer al hoe meer met 'n wysheid onder die mense te doen wat ons nogal herinner aan die Grieke van destyds se wysheid. Dit is daardie mense wat met hulle menslike logika wil redeneer oor die skepping, of daar regtig in die begin net een man en een vrou geskep is, en redeneer oor die trek deur die Rooi See en wat nog alles. En wanneer 'n mens aandagtig luister na hierdie redenasies van menslike wysheid kom dit die een of ander tyd ook by Christus uit. Dan is dit hierdie mense wat die maagdelike geboorte van Jesus in twyfel trek. Hulle stry daarvoor dat Jesus nie werklik die Seun van God is nie en daarom ook nie God nie. Vir hulle is die opstanding van Jesus uit die dood ook 'n totale onmoontlikheid. Dan moet ons uiteindelik ook van hulle sê dat die boodskap van die kruis van Christus vir hulle onsin is, omdat hulle dit nie met hulle klein verstandtjies kan uitpluis nie.

Broers, susters en kinders, hierdie redenasies van mense wat die kruis van Christus as iets afgrysligs wil afmaak en die opstanding van Christus uit die dood as 'n dwaasheid beskou, is maar net rookskerms. Mense wat hulle besig hou met sulke redenasies kan dit nie verduur dat die Heilige Gees hulle in hulle sondeverlorenheid met die heilige God konfronteer nie. Hulle wil hulle nie van hulle sondes bekeer nie. Laat ek en jy dan fyn kyk na ons eie lewens. As hierdie of soortgelyke redenasies by ons begin kop uitsteek, moet ons weet dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op ons rus solank ons ons nie van ons sondes bekeer nie. En solank as wat ons ons nie bekeer nie, sal ons nie die mooi woorde hoor dat ons sondes vergewe is en die koninkryk vir ons oopgesluit is nie.

God het in sy goedheid besluit om deur die prediking, wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo. Menslike wysheid en krag is ongenaakbaar. Die Here het nie almal van ons met ewe hoë intelligensie geskep nie. En as 'n mens se verlossing van intelligensie afhanklik was soos wat die Jode en die Grieke geoordeel het, het dit beteken dat net die sterkstes en die slimste sou oorleef. Dit is mos die wet van die natuur. Die Here ons God gebruik geloof in Christus om mense te red. En dit gee Hy aan elkeen wat Hy verkies het, ongeag die intelligensievermoë. Want geloof is om soos 'n kind te vertrou dat alles wat die Here aan ons openbaar die waarheid is en dit regtig vir ons bedoel is.

Geliefdes, laat ons almal saam bid en stry dat die Heilige Gees ons by die waarheid van God se Woord sal hou. Bid en stry dat die waarheid van die kruis van Christus onverswak bly verkondig word in hierdie kerk van ons Here in eredienste, huisbesoeke en in katkisasie. Die suiwere verkondiging van die Woord van die Here is immers een van die kenmerke van die ware kerk. En ek is oortuig dat julle net so graag soos ek wil hê dat ons ware kerk van die Here sal bly tot met die

wederkoms van ons Here Jesus Christus.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 17-2:1, 2, 3, 4 (18:1, 2, 3, 4) ook melodie Ps 100 en Ps 134

- 1 Ek loof U, Vader, groot van mag, / dat U die dinge, diep en swaar,
vir wêreldwyse onbekend, / aan kindertjies wou openbaar.
- 2 Ja, Vader, dis u guns alleen, / die guns van al wat dwang is, vry,
waardeur ook alle dinge saam / al oorgelewer is aan My.
- 3 Wie kan die Seun ooit ken, as net / die Vader, met Hom wesens-eeen?
of wie die ewige Vader ken, / as net die Seun, net Hy alleen?
- 4 Wie kan die ewige Wese ken, / so diep en ontoeganklik klaar?...
Alleen die mens aan wie die Seun, / die heilgeheim wil openbaar.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
18 September 2011